# KINDERKERK LES: Vrugte van die Gees Gebedsaand

## 1. Praise and Worship

## 2. Instruksies vir die aand:

- Hierdie is 'n gebedsaand rondom die verskillende vrugte van die Gees.
- Elke groepleier kry al hulle benodighede by my VOOR ons begin.
- Ek sal die aand fasiliteer so ons beweeg almal teen dieselfde spoed met die aktiwiteite en gebed wat in die groepe plaasvind, almal bly in die kerk sit.
- Weet asb hoe alles werk en wat waar gedoen moet word sodat die aand glad kan verloop.

## 3. INLEIDING:

Soos julle weet is ons hierdie kwartaal met die Vrugte van die Heilige Gees besig. Ons het hoe die Heilige Gees ons help om die vrugte te laat groei in ons lewens wanneer ons ons hartjies vir Jesus gee. Vanaand gaan ons vir elke vrug in ons eie lewens bid.

## 4. Vrug van die Gees : LIEFDE

Ons het so paar weke terug geleer dat Jesus wil hê ons moet almal lief hê. Selfs daardie mense wat lelik is met ons. Ons het ook gehoor dat ons dit nooit uit ons eie kan doen nie, maar wanneer ons vir God vra, Hy ons sal help om ander te kan liefhê.

**Aktiwiteit en Bid**:

Elke kind kry 'n blaaitjie met 'n hartjie op. Leiers kry strooitjie vir elke kind in groep. Hulle moet hul naam op die hartjie skryf en die hartjie versier. Die groepleier kram dan die hartjie aan bokant van strooitjie sodat dit amper soos blommetjie vertoon.

Daarna bid hulle saggies vir hulle SELF dat die Heilige Gees hulle sal help om mekaar lief te hê soos God wil hê dat ons dit moet doen, VERAL die mense wat hulle sukkel om lief te hê.

Nadat almal klaar gebid het, word hartjies ingeneem en in blompot gesit om mooi hartjie rangskikking te maak.

## 5. Vrug van die Gees: VREUGDE

Onthou julle nog hoe Petrus en Silas in die tronk gesing het? Ons het gesels oor hoe vol vreugde hulle was, al het hulle eina gehad en dinge rondom hulle sleg gelyk. Die Vrug van die Gees

VREUGDE is NIE die gevoel wat ek het wanneer alles met my goed gaan en alles loop soos ek dit wil hê nie. Vreugde kom nie van dinge wat 'buite' gebeur nie, dis wat 'binne' gebeur, dat ek nie met 'n donker wolk om my kop rondloop as dinge nie uitwerk nie, maar nogsteeds vreugde kan hê, want ek weet God is goed en Hy help my.

**Illustrasie:**

Ek doen die "Vreugde wat oorloop" demonstrasie. (vat 'n ½ koppie water en gooi 'n ½ koppie asyn by die water. Voeg dan 1 teelepel koeksoda by die mengsel en kyk hoe dit oorborrel. Sit die koppie in 'n skinkbord, want dit mors).

Ons noem dit vreugde wat oorloop, vreugde wat van binne na buite toe borrel, omdat dit nie na die dinge kyk wat buite gebeur nie, maar na Jesus.

**Bid:**

Elke kind bid nou by hulleself en vra die Heilige Gees om hulle te help om in vreugde te groei soos 'n vruggie aan 'n boom. Dat Hy hulle sal help om so op Hom te vertrou dat slegte goed wat 'buite' gebeur nie hulle 'binnekant' (vreugde) sal wegvat of minder maak nie.

## 6. Vrug van die Gees: VREDE

Wanneer ons elke dag met God praat en lees wat Hy vir ons in die Bybel sê, dan begin ons al meer Sy vrede in ons harte voel. Vrede beteken dat al het ek daai bang gevoel op my maag, ek weet dinge 'ok' gaan wees, omdat God daar is.

**Aktiwiteit en Bid:**

Ons almal het goed wat ons daai bang gevoel op ons maag gee. As ons na 'n duif kyk, dan dink ons aan vrede – neem vir jou 'n duif en skryf dit wat jou daai bang gevoel op jou maag gee op die agterkant. Die kleiner kinders kan 'n kruisie agterop trek of hul name skryf – Jesus weet wat jou bekommer. Kom plak dit dan teen die muur, terwyl jy vir die Heilige Gees vra om vir jou vrede te gee oor dit.

## 7. Vrug van die Gees: GEDULD

Geduld kan baie dinge vir verskillende mense beteken en ons het dit op baie plekke nodig. Wanneer mamma gaan 'shopping' doen en ek wil net huistoe gaan om te gaan speel, en wanneer jy moet wag op God se tyd vir iets waaroor jy dalk bid, sonder om moeg te raak om daarvoor te bid.

## Aktiwiteit en Bid:

Gee vir elke groep twee 500ml koeldrankbotteltjies, 'n kwart koppie sout en 'n blaai wat hulle kan vou soos 'n "funnel" om sout in die een koeldrankbottel te kry, asook 'n lekker vir elke kind in die groep.

Druk 'n gaatjie in die koeldrankbotteltjie waarin die sout is, se doppie, sodat die sout daardeur kan vloei. Die botteltjie waarin die sout NIE is nie, het nie 'n doppie op nie.

Hou die botteltjie sonder die sout, en sonder die doppie onder, en dop die botteltjie met die sout in om, bo-oor die bottel sonder die doppie. Die sout moet nou soos 'n uurglas van die een botteltjie na die ander vloei.

Sê dat hulle slegs hulle lekkertjies mag eet sodra al die sout in die ander bottel uitgeloop het. Hulle gaan moet wag.

Vra die Heilige Gees om jou te hê om meer geduld met jouself en die mense rondom jou te hê.

## 8. Vrug van die Gees: VRIENDELIKHEID EN GOEDHARTIGHEID:

Hierdie twee vrugte is baie dieselfde en daarom gaan ons hulle saam doen. 'n Beter woord as vriendelikheid vir hierdie vrug is om gaaf te wees. Goedhartigheid en gaaf is om goed te wees teenoor en vir die mense rondom jou. Dis om iemand te help wanneer hulle sukkel, sonder dat jy iets daaruit kry. Bv. help iemand oor die straat, deel jou broodjie met iemand wat nie het nie ens.

## Aktiwiteit en Bid:

Dis partykeer moelik om die regte ding te doen, en ons het die Heilige Gees nodig om ons te help om goeie besluite te neem bv. wanneer 'n kind by die skool geboelie word en ek weet daarvan, maar niemand doen iets daaromtrent nie. Wanneer iemand by die skool nie kos het nie, of nie maats het nie. Wanneer ek sien iemand het hulp nodig, help ek of stap ek verby?

Elke groep kry 'n template van 'n mannetjie se lyf en stukkies foelie, plak jou stukkie foelie binne die mannetjie en soos jy plak vra jy die Heilige Gees om jou te help om in vriendelikeheid en goedhartigheid te groei.

## 9. Vrug van die Gees: NEDERIGHEID:

Nederigheid is om mooi met mense te werk. Om nie sommer net sleg te dink van mense nie, maar eers te luister en dan eerder te help as om niks te doen nie. Nederigheid beteken om nie te dink dat jy beter as iemand anders is nie.

## Aktiwiteit en Bid:

Ons is baie keer lelik in die manier waarop ons met mense praat en hoe ons met hulle is. Ons dink baie keer ons is beter as ander mense omdat ons meer het, beter lyk of beter doen as hulle.

Elke groep het 'n veer, gee elke kind 'n kans om aan die veer te vat. Voel hoe sag dit is en terwyl jy daaraan vat vra jy die Heilige Gees om jou te help om nederig te wees en ander mense met sagte hande te behandel.

## 10. Vrug van die Gees: SELFBEHEERSING

Selfbeheersing is om self te kan besluit wat jy gaan doen, dink en sê. Dis om NEE te sê vir die verkeerde dinge wat satan oor jou pad bring om jou te laat sonde doen. Om selfbeheersing te hê is nie altyd maklik nie, want die satan gaan probeer om jou te kry om verkeerde dinge te kies. Dis om te kies om nie na die satan se stem in jou oor te luister nie, maar eerder Jesus se stem en die regte ding te doen.

## Aktiwiteit en Bid:

Wanneer ons kwaad is, is dit soms moeilik om nie te skree of iets of iemand te slaan nie. Terwyl die leier die spinners op die backborde spin, kyk julle hoe die spinner al stadiger spin en uiteindelik stop.

Vra die Heilige Gees om jou te help om te 'slow down' en te stop wanneer jy kwaad voel, sodat jy die vrug van selfbeheersing al meer sal hê.

## 11. Vrug van die Gees: GETROUHEID:

Om betroubaar te wees beteken jy gaan doen wat jy gesê het jy gaan doen. So as mamma jou vra om jou kamer skoon te maak en jy sê jy sal, dan gaan jy dit doen en nie half werk nie, maar dit mooi vir mamma skoonmaak. As jou maatjie jou vra om saam te bid oor iets en jy sê jy sal, dan doen jy dit werklik en maak nie net asof jy bid daaroor nie.

## Aktiwiteit en Bid:

As jy vriende met iemand is dan wil jy hê dat hulle jou maatjie moet bly al is en gaan dinge moeilik (stick with you). Wie vertrou jy om by jou te staan? Wie kan JOU vertrou om by hulle te staan?

Vat 'n stokkie en bind 'n lintjie aan dit vas terwyl jy vir God vra om jou te help om aan HOM vas te hou, al is dit moeilik en veral wanneer dit moeilik is.

## 12. Samevatting

Vrugte van die Gees is wanneer ek my hart vir Jesus gegee het, en my lewe WYS dit in die manier hoe ek leef en optree teenoor ander. Mense kan sien dat daar iets anders is aan my en dat die Heilige Gees in my hartjie woon.

## 13. Sluit af met gebed en deel selfone uit.